

5 Julie

Genesis 39:19-23, (Teks: 39:22)

Blom waar jy geplant is

Daar is so baie mense wat ongelukkig is met hulle omstandighede. Die werkplek is sleg, die huwelik is moeilik, die land gaan agteruit, alles loop net altyd skeef.

Ons leer uit die geskiedenis van Josef dat ons die beste moet maak van elke situasie. Ons leer dat geluk van buite af kom en nie afhanklik is van uiterlike omstandighede nie.

Josef is onskuldig in die tronk gegooi en jare lank daar aangehou sonder 'n verhoor. Hy het baie moeilike jare beleef. Hy het alle rede gehad om in opstand te kom en aan te dring op beter behandeling. Hy het alle rede gehad om moed op te gee en te kla oor sy omstandighede. Maar hy het nie.

Josef het God onder alle omstandighede gedien, eers as 'n slaaf en daarna in die tronk. Die rede daarvoor was dat hy geweet het God het 'n plan met hom gehad. Ons kan sê Josef het geblom waar hy geplant is. Hy het nie heelyd gekla oor hoe sleg hy behandel is nie, maar hy het maar net sy bes gedoen binne die omstandighede waar die Here hom geplaas het.

God het ook 'n plan met elkeen van ons se lewens. Hy plaas ons nie verniet in die situasie waarin ons ons bevind nie. Hy het 'n doel daarmee. Kom ons doen net wat God wil en ons lewe positief binne ons omstandighede. Kom ons blom daar waar die Here ons geplant het.

Sing: Psalm 107:7,10

Ds. J.D. van't Zand (Randburg-Oos)